

**IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**  
**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

**SAAKNOMMER:**

A362/2010

5    **DATUM:**

3 September 2010

In die saak tussen:

**MZINGISI NDIDA**

Appellant

en

10    **DIE STAAT**

Respondent

---

**U I T S P R A A K**

15    **DAVIS, R:**

Die appellant was op 18 April 2008 in die streekhof te Blue Dows aangekla op die klagte van huisbraak met die opset om te roof en roof met verswarende omstandighede in terme van .

20    Gelees met die bepalings van artikel 260 van die Strafproseswet 51 van 1977, gelees met artikels 51(2) van Wet 105 van 1997. Die beskuldigde, wie regsverteenwoordig was, het skuldig gepleit in terme van artikel 112(a)(ii) van Wet 51 van 1977 op die aanklagte en is hy gevvolglik ooreenstemmend  
25    met sy pleit op 18 April 2008 skuldig bevind op die klagte. Op /bw

/...

dieselfde dag het die hof die appellant op die aanklagte tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis. Die appellant kom na hierdie hof op appèl teen hierdie vonnis.

- 5 Die pleit illustreer die basis van die oortreding en derhalwe is dit belangrik vir die doeleindest van vonnis:

"Op 4 April 2008 en te of naby Thulanistraat,  
Sonnendal, Kraaifontein, in die streekafdeling van  
10 die Kaap, het ek wederregtelik die woning van Cuan  
Fester oopgebreek en binnegegaan met die opset  
om te roof en toe daar wederregtelik en opset vir  
Cuan Fester aangerand en met geweld uit sy besig  
die goedere, soos vermeld in die klagstaat,  
15 geneem, synde sy eiendom in sy regmatige besit.  
Ek erken dat op die dag van die misdrywe was ek  
en my medebeskuldigde by die bogenoemde adres.  
Die venster op die boonste verdieping van die  
woning was oop. Ons klouter oop teen die gebou  
20 en ek klim eers deur die half oop venster. Ek het  
die venster nog wyer gemaak om toegang te verkry.  
Ek klim toe eerste in die huis. Ons beweeg van  
kamer tot kamer en maak van die goedere  
bymekaar soos vermeld in die klagstaat. Toe ons  
25 afkom by die klaer, het hy nog geslaap. Ek en my

medepligtige hou toe 'n mes by sy keel. Ons dreig hom met geweld en het hom hardhandig behandel en ernstig aangerand sodat hy ons kan sê waar alles waardevol is. My medebeskuldigde het die  
5 klaer vasgehou, terwyl ek toe gebruik het om hom vas te bind. Nadat ons die goedere in 'n sakkie sit, loop ons toe weg. Ek was van plan om die goedere te verkoop en die geld te gebruik vir my persoonlike doeleindeste. Dus op hierdie manier wou ek die  
10 regmatige eienaar permanent van sy regmatige eiendom onteien en so was hy ook aangerand met geweld. Ek erken dat ek ten tye van die voorval geweet het dat dit wat ek gedoen, verkeerd is en ek daarvoor gestraf kan word."

15

Me De Jongh, wat namens die appellant verskyn, het gesubmitteer dat die landdros nie sy diskresie ten opsigte van vonnis regtelik en billik uitgeoefen het deur nie deeglik ondersoek in te stel en genoegsame gewig toe te ken aan al  
20 die relevant faktore voordat hy vonnis oorweeg het nie. Derhalwe het sy namens appellant submitteer dat die Hof kan inmeng met die vonnis en dit tersyde stel.

Die landdros, in sy uitspraak, het die volgende gesê:

25

/bw

/...

"Daar is baie min faktore wat die Hof in u guns kan in aanmerking neem. Die Hof neem in ag dat u relatief jonk is en dit is baie jammer dat u beide op hierdie jeugdige ouerdom tot hierdie misdaad oorgegaan het. Die Hof neem ook in u guns in ag dat u skuldig gepleit het. Die Hof neem verder in ag dat u beide eerste oortreders is. Dit is die feite en faktore wat hierdie Hof in u guns kan in ag neem."

10

'n Bietjie later het die landdros die volgende gesê:

"Die Hof is van mening dat die Hof moet afwyk van die voorgeskrewe vonnis slegs vanweë die feite dat u beide relatief jonk is. Hierdie Hof wil u aanmoedig, wanneer u u vonnis klaar uitgedien het, om u self te bekwaam vir 'n beter lewe en om vir u self te kan sorg."

20 Volgens me De Jongh het die landdros dus net die feit dat die appellant relatief jonk was in ag geneem en nie die ander feite, nienteenstaande dat hy vroeër in sy redes vir vonnis hierdie ander faktore uiteengesit het nie.

25 Dit is gemene saak dat in hierdie saak die voorgeskrewe  
/bw /...

minimum vonnis is van toepassing op die klagte. Volgens artikel 51(2) van Wet 105 van 1997:

5                     "Notwithstanding any other law, but subject to subsections (3) and (6), a regional court or a High Court, including a High Court to which a matter has been referred under section 52(1) for sentence, (indistinct) in respect to a person who have been convicted of an offence, refer to in a Part II of  
10                     Schedule 2, sentence the person in the case:  
                           (i) First offender imprisonment for a period not less than 15 years."

Me De Jongh het geargumenteer dat die appellant jonk was en  
15                     dit moet in ag geneem word. Die feit bly staan,  
                           nieteenstaande artikel 51(2) en artikel 51(b), dat:

20                     "If any Court referred to in subsection (1) or (2)  
                           decides to impose a sentence described in those  
                           subsections upon a child who was 16 years of age  
                           or older, but under the age of 18, at the time of the  
                           commission of the act, which constitutes the  
                           offence in question, it shall enter the reasons for its  
                           decision on the records of the proceedings."

Met ander woorde in 'n situasie waar die oortreder ouer is as 18, is hierdie artikel van die Wet nie van toepassing nie. Verder moet die rol van 'n Hof op appèl in verband met vonnis in ag geneem word. In S v Pillay 1977(4) SA 531 (A) te 534 5 het die Hof soos gevolg gesê:

"Now the word misdirection in the present context simply means an error committed by the Court in determining or applying the facts for assessing the 10 appropriate sentence. A mere misdirection is not by itself sufficient to entitle the appeal court to interfere with the sentence. It must be of such a nature, degree or seriousness that it shows directly or inferentially that the Court did not exercise its discretion at all, or exercise it improperly or 15 unreasonably, such a misdirection is usually and conveniently termed one that vitiates the Court's decision or sentence."

20 Na my mening, in hierdie saak, was daar geen mistasting nie. Die feit bly staan: appellant was 'n eerste oortreder. Hy was jonk. Hy het skuldig gepleit. Al drie van hierdie faktore was deur die landdros in ag geneem. Verder was hierdie 'n saak waar die beskuldigdes baie geweld gebruik het. Na my 25 mening, is daar geen basis, volgens die Pillay toets, om in te /bw

/...

meng met die vonnis van die landdros nie. Na my mening moet die appèl van die hand afgewys word.

DUMINY, WnR: Ek stem saam.

5

---

10

DUMINY, WnR

DAVIS, R: Dit word so beveel.

15

---

DAVIS, R

